

TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: ..NGK MTHATHA.....

Sinode: *NG Kerk in Oos-Kaapland*

Belangrik

1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepsgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan:** Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit **hierdie terugvoervorm** en die meegaande boekie, **Konsultasie oor Kerkhereniging**, in.


A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]
 - .. Kerkraad
 - .. Wyke
 - .. Kleingroepe
 - .. **Lidmate: byeenkoms**
 - .. Lidmate: individueel
 - .. **Ander:Gemeente vergadering na erediens.....**
2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
 - .. **Ja**
 - .. Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

Aanvaar – mag nie verander nie
Moet verpligtende wees
Aanvaar 14 soortgelyke antwoorde
Geen probleem hiermee nie
Alles of niks – ons mag nie draadsitters wees nie
Dit moet 'n voorwaarde vir hereniging wees
Stem ten volle saam



Nuwe/ ander voorstelle?

Moet nie verander nie x 2
Niks moet bygevoeg of weggenem word nie

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Werk vinniger aan nuwe strukture
Nuwe strukture moet gestig word
Aanvaar dit net so – 10 lidmate
As gemeentes nie gereed is vir nuwe strukture nie, moet daar nog samesprekings met hulle
gevoer word om hulle te lei
Alle lede welkom
Klink werksaam
Sien uit daarna

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

Die saak van kommunikasie moet baie ernstig opgeneem word
Ringe moet saamwerk
Geen draadsitters is aanvaarbaar nie

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Baie verrykend
Noodsaaklik
Uitstekend
Aanvaar – 5 lidmate
Bevredigend
Ons moet mekaar se hande vat en saam die saak aanpak
Dit sal baie help dat ons mekaar beter vertrou, met goeie bedoelings
So veel as moontlik
Projekte moet haalbaarwees vir alle deelnemende gemeentes

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Haal “moet” uit voorstel en vervang met “sal”.

Nuwe/ ander voorstelle?

Gemeentes moet mekaar gereeld oor en weer besoek

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Dit moet voortgesit word
"Muur" van afsondering tussen gemeentes moet afgebreek word
Noodsaaklik
Aanvaar – 7 lidmate
Preke deur leraars van ander kerke sal verreikend wees
Sal so saamstem om die Here te dien ongeag van taal of kleur

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

Wat word reeds / kan nog op plaaslike vlak gesamentlik gedoen / word?

Die NGK Mthatha en VGK Decoligny werk saam aan 'n projek: Die "Sinethemba Spesiale Vaardigheid Sentrum vir geestelike en liggaamlik gestremde kinders."

Ons is in die proses om fondse in te samel om in 2008 vir hulle 'n doelmatige gebou op te rig waar hulle kan bly en leer en gelukkig wees

F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

Verenigde kerk van vrede en versoening
NG Kerk
Kerk van Christus
Die Nuwe NG Kerk
Verenigde Christelike kerk in SA
(Soos voor 1857) – NG Kerk
Algemene NG Kerk van Afrika
Simunye (Ons is een)

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055